

Standpunt

Die Suid-Afrikaanse universiteitswese: koers in die krisis

By die aanbreek van 'n nuwe millennium staan die universiteitswese wêreldwyd, en in Suid-Afrika in die besonder, op die breuklyn van beslissende veranderinge. Elkeen wat in 'n akademiese hoedanigheid by universiteite in Suid-Afrika betrokke is, het die cise wat hierdie veranderinge stel, oor die afgelope dekade aan die lyf begin voel. Binne die breër Suid-Afrikaanse verband, waar die begrip "transformasie" die oorheersende slagspreuk geword het en skynbaar elke aspek van die Suid-Afrikaanse leefwêreld in sy kielsog opsuig, was hoër onderwys in die algemeen, en universiteite in die besonder, reeds vroeë teikens van sowel die retoriek as die praktyk van verandering. Daarvan getuig die werk van die Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys (met hul verslag wat nie om dowe neutre nie 'n "framework for transformation" genoem word!), die Witskrif wat hieruit voortgespruit het, die nuwe Universiteitswet, nuwe beheerstrukture (soos die Raad op Hoër Onderwys en SAUVCA), die nuwe Nasionale Kwalifikasie-owerheid (SAKO of, soos meer algemeen bekend, SAQA) en, les bes, die intensiewe beplanningsoefening rondom die nuwe onderrig-programbedeling waarby alle Suid-Afrikaanse universiteite die afgelope drie jaar voluit betrokke is.

Daar kan geen twyfel daaroor wees dat die stelsel van hoër onderwys in Suid-Afrika drasties herbedink moes word nie. As stelsel was dit, met die aanvang van die nuwe politieke bedeling, kennelik te gefragmenteerd en te ontoeganklik vir die meerderheid van die bevolking wat daaraan kan meedoën en daaruit voordeel kan trek. Dit was daarby nie genoegsaam afgespits op die legitieme eise van 'n snel veranderende omgewing nie. Die transformasie van hoër onderwys in Suid-Afrika is egter nie slegs die noodsaaklike uitloper van 'n sosiaal-politieke bedeling wat voorheen fundamenteel onregverdig en immoreel was nie. Toevallig val die uur van groter politieke geregtigheid in die Suid-Afrikaanse universiteitswese ook saam met 'n uur waarin die universiteitswese internasionaal sigself bevind in 'n stroomversnelling van radikale herkonsipiëring.

Laasgenoemde ontwikkeling hang met twee verskynsels saam. Die *eerste* is die mate waarin universiteit en samelewing hoe langer hoe nader aan mekaar beweeg. Die tyd is eenvoudig verby dat die universiteit in relatiewe isolasie (as die sogenaamde "ivoortoring") van die res van die samelewing sy taak van wetenskapsbeoefening in terme van self-gegenereerde en self-geformuleerde wetmatighede en standaarde volvoer. Daardie taak kan, gegee hedendaagse eise, eenvoudig nie meer uitgevoer word sonder grootskeepse steun van staatsweë (met belastinggeld) nie. Maar dis nie bloot 'n kwessie dat die samelewing vir die universiteit en sy aktiwiteite betaal nie. Die persepsie groei daarby dat wat aan die universiteit gedoen word, van regstreekse belang vir die samelewing is. Die verwagting is ook dat mense deur die universiteit "geproduseer" word wat oor sekere vaardighede beskik waarsonder die moderne ekonomie nie kan funksioneer nie. Vandaar die klem op sogenaamde "hoëvlak-mensekrag" en "uitkomsgebaseerde onderwys".

Die tweede aspek is egter die wyse waarop die samelewing waarin universiteitsafgestudeerdes hulself deesdae bevind, self, veral in 'n ekonomiese sin, getransformeer is. Dis 'n samelewing

wat toenemend byvoorbeeld ontdek dat welvaart nie meer te vinde is in geproduseerde goedere nie, maar in sogenaamde "nietasbare" verskynsels, soos inligting, kreatiwiteit, vindingrykheid, konneksies, ens. Die grootste welvaartskeppers van ons samelewing is byvoorbeeld inligtingstechnologie-maatskappye wat selde artikels produseer (soos die Fords en General Electrics en Nestlé's van welcer), dog wat eerder "produkte" skep wat mense bemagtig om oor die weg te kom in 'n milieu waarin die werklikheid toenemend gesimuleer word, waarin "middel-mense" en -instansies (bv. verkoopsagent, winkels, reisagent, ens.) uitgeskakel word, en waarin ekonomiese waarde dikwels gemeet word aan die vermoë van webwerwe om die aandag van potensiële kopers en kliënte te trek.

Die aanname van die samelewing is eenvoudig dat universiteite op hierdie veranderde milieu moet inspeel en mense moet voorberei om in hierdie wêreld nie alleen oor die weg te kom nie, maar om bydraes te lewer om hierdie wêreld meer gestroomlyn en effektief te maak. Vandaar die meedoënlose aandring om nie alleen universiteitsonderrig te plooi in die rigting van beroepskole wat pragmatiese afrigting vir afgestudeerdes bied nie, maar om ook navorsing sentraal te beplan en te stuur deur middel van, byvoorbeeld, die onlangs aangekondigde "voorkeur-areas" wat die Nasionale Navorsingstigting (NNS) voortaan uitsluitlik sal befonds. So word een of ander sentraal gekonsepiëerde idee van die algemene belang op die universiteitswese afgedwing, en word, met die roede van die beursie, akademië gedwing om in pas te kom met wat geag word as van algemene belang.

In hierdie klimaat is daar 'n dringende eis aan universiteite om nie meegesleur te word in die ideologie van korttermynrigting nie. Die universiteit as beliggaming van die strewende van die liefde vir die waarheid en die wysheid ("amor sciendi") moet aandring op 'n ruimte waarin die onbevangende soeke na waarheid gerespekteer word. Die universiteit as instelling het sy bydrae in die verlede gelewer omdat dit 'n sentrum vir "kritiese diskoers en ongesensureerde vraagstelling, vir reflektiewe afstandneming en onafhanklike ondersoek, vir vrye eksperimentering en kreatiewe verbeelding" was (H.W. Rossouw). Só beskou word 'n universiteit 'n merkteken vir beskawing. 'n Beskawing is onvoorstelbaar, sê Hennie Rossouw tereg, "sonder 'n institutionele ruimte waar heersende waardes en ortodoksieë vrylik en vreesloos geëksamineer en getoets word, en waar nie net die korttermynbehoefes van die mark en die werkplek intellektuele aandag geniet nie, maar ook kritiese vrae oor die *soort* samelewing en die *soort* doelstellings wat hierdie behoeftes genereer". Slegs 'n samelewing wat ruimte maak vir universiteite in hierdie sin kan aanspraak maak op die titel "beskawings", en dan wel waar die begrip "beskawing" gebruik word in die sin waarin Alfred North Whitehead dit gebruik het: "the victory of persuasion over force".

A.A. van Niekerk
Voorsitter: Dept. Filosofie
Universiteit van Stellenbosch